Beste Wapadranter

Kommunikasie

eNuus via WhatsApp

Jy kan al die gemeentenuus via WhatsApp ontvang. Besigtig die eNuus op jou slimfoon en druk op die knoppie hieronder om aan te sluit by die groep.

Sluit aan by die groep

Meer oor ons

Hou hierdie spasie dop! Elke week deel ons iets van Wapadrant se visie, ons missie, ons waardes en hoe ons werk.

eNuus in kort

Kyk die eNuus in kort deur die volgende skakel te volg: https://youtu.be/woRA6FYAkFI

Nuus vir die week

Sondag 19 April:

- Daar is Sondag ***slegs een*** erediens om 08:30. Die erediens word gelei deur dr. Rassie Smit.
- Hierdie Sondag is ook ’n geleentheid vir ’n **oudisie**, waar ons een van die Musiekleiers wat aansoek gedoen het vir die pos en reeds die eerste fase onderhoud geslaag het, ’n kans gee om praktiese evalueer te word tydens die Kontemporêre erediens. Ons wens vir Corien de Klerk sterkte toe hiermee. Sy is verantwoordelik vir die beplanning, musiekverwerkings, organisering van die musikante, inoefening en dan laastes die aanbieding tydens die erediens.
- Geen jeuggroepe vind plaas nie sodat almal die geleentheid het om direk na die erediens aan die “Hoe werk ons” *Encounter* deel te neem.
- Die “Hoe werk ons?” *Encounter* skop af met episode 2 (*Back by popular demand*) van Rooi Willie, Gatiep, Dominee en *Romantic* Renaldo. Daarna geniet ons koffie of tee met ‘n eetdingetjie in die saal. Die hoogtepunt van die fees is die interaktiewe tromsessie (en *Boomwacking!*) wat **GRATIS** in die amfi aangebied word. Die trommetjies is beskikbaar op ‘n eerste-kom-eerste-bedien-basis.

- Die liefdegawe (kollekte) word soos volg verdeel:

Eredienstye:

- Op 26 April en 3 Mei is daar slegs een gesamentlike erediens om 08:30.

Ter approbasie:

- Gert Olivier word ter approbasie as ouderling aan die gemeente voorgehou. Indien hy die roeping opvolg, sal hy in April bevestig word.

SANBS bedanking:

- Die SANBS bedank almal wat op 12 April bloed geskenk het. Hulle het 20 eenhede ontvang.

Wapadrant Bid Saam

Ons vra voorbidding vir:

- Hennie Scheepers wat op 29 April ‘n operasie ondergaan.
- Georgina Barnard wat opgeneem is in die hospitaal.
- Almal wat ongesteld is.

Hartlik geluk aan:

- Annike Lessing en Hennie Scheepers wat op 11 April in die huwelik bevestig is.

Kontak die kerkkantoor:

Gebed vir die week:

Epos die kerkkantoor om by die Gebedsgroep aan te sluit

Indien jy die eNuus op jou selfoon lees, kan jy op die volgende skakel klik:
https://chat.whatsapp.com/JL7Os5H3dXU2CTR5nfIhPz

Vanaf die kerkraad se tafel

SORG MET EER

Geliefde broeder en suster,

Ons doen met vrymoediheid ’n beroep op u met die oog op ’n dringende saak in die versorging van ons emerituspredikante en -weduwees.

Die Emeritaats-Versorgings Kombinasie is in 1994 deur al die kerke in die Nasionale Sinode gestig om in kombinasie hande te vat en mekaar te help om ons emeriti en hul afhanklikes en weduwees eervol te versorg. Die kombinasie is gestig met die oog op die **verstreke diensjare voor 1994**, toe ons die Predikante Pensioenfonds gestig het. Dus vir ons ouer emeriti en hul weduwees.

In 2022 het die kerke in kombinasie saam die *Sorg Met Eer* projek geloods ten einde ’n dreigende 25% vermindering in die versorgingsbedrag te voorkom.

- Die uitstaande verpligtinge wat ons bo en behalwe die ramings moes insamel was volgens 2023 se berekeninge meer as R11m vir 10 jaar.
- Die situasie het so verbeter dat ons in 2024/25 ‘n ekstra R6m vir 5,5 jaar moes insamel.
- Vir die huidige 2025/26 boekjaar het dit verminder na R3m vir 7 jaar.

Ons kon ook die afgelope drie jaar ’n geringe verhoging in die versorgingsbedrae wat vir ses jaar dieselfde gebly het aanbring. Ons is die Here daarvoor opreg dankbaar.

Wat egter nou gebeur het is ’n redelik normale verskynsel. In die begin was die opgewondenheid en die toewyding nuut en groot, maar met die jare het dit afgeneem. Die posisie vir die 2025/26 jaar is sodanig dat ons nog nie die eerste miljoen van die benodigde R3m ingekry het nie. Aangesien Sorg Met eer ’n vrywillige projek na vermoë is, doen ons hiermee ’n dringende beroep op ons kerke en individuele lidmate om nog voor einde Junie ’n spesiale bydrae tot *Sorg Met Eer* te maak**. U kan u vrywillige bydraes oorbetaal in**: **Gereformeerde Kerk Wapadrant, ABSA, Rekening 349 0151 957, Takkode 632 005. Naam, van & ‘Sorg met Eer’ as verwysing.**

Help ons in die twee maande wat oor is om die Sorg Met Eer projek, soos in die verlede, ook oor 2025/26 se styl bult te kry. Dit is ons eer!

Ds. Cassie Aucamp
(SME organiseerder)
8 April 2026

Geliefde broers en susters

Ons kan met so baie dinge in die kerk besig wees, dat ons maklik die basiese vergeet. Jesus gee die opdrag in Mt.28:19: ‘’maak die mense My dissipels’’. Is ons regtig gehoorsaam aan hierdie opdrag? Gee ons dit vir ‘n kommissie of vir die predikant om te doen? Die opdrag kom na elke gelowige! Ek mag nie meer sê ek weet nie hoe nie! Herders kan nie skape maak nie, skape maak skape! Dissipels maak dissipels!

Ons is opgelei om oor nege weke, twee uur per week, gelowiges toe te rus om aan die Here se opdrag gehoorsaam te wees. Nege weke is ‘n lang tyd, ons weet. Maar dit gee nege weke tyd om te groei en onder mekaar te oefen om in gehoorsaamheid dissipels te maak. Net ‘n belegging van 18 uur om self in die geloof te groei en ander te help groei.

Die kursus is opgestel deur Prof Malan Nel. Dit bevat nie moeilike materiaal nie, is baie prakties, en gee baie geleentheid om met mekaar te oefen. Daar is tans nie ‘n beter kursus oor Dissipelsmaking nie.

As elke gelowige ‘n dissipelmaker is, sal die kerke en die land baie anders lyk. As elke gelowige elke jaar met een ander werk, sal die kerke weer vol wees van gelowiges.

Kleingroepe, Bybelstudiegroepe, kerkrade of wyke kan die geleentheid aangryp. Naby geleë gemeentes kan ook saam op ‘n sentrale plek die kursus aanbied.

Kontak Ds Jan van der Walt by 0829626689 of vaaljasfontein@gmail.com vir meer inligting.

koorFEES

Wapadrant Gemeente hou koorfees van 15 tot 17 April. Elke konsert begin stiptelik 18:30 en duur ongeveer 90 minute.

Prof. Theo van Wyk, van die Universiteit van Pretoria, het ’n splinternuwe orrelwerk “Waar stilte sing” vir die eerste keer in 2025 uitgevoer. Die komposisie is opgedra aan die Transoranje Koor

vir Dowes (Pretoria). Dit bou ’n baanbrekende brug tussen klank en stilte en is só gekomponeer dat selfs mense wat nie kan hoor nie, die trillings van die musiek in hul liggame kan ervaar. Hierdie beweging van orrelpype en vibrasies dra ’n boodskap: musiek word nie slegs gehoor nie, maar kan ook gevoel word – in die liggaam, in die ruimte en in die siel.

Transoranje Koor vir Dowes, *Hands of Harmony*, tree elke aand op.

Kaartjies kos R50 per persoon per aand en is beskikbaar in die saal, via QR-kode en die kerkkantoor.

Kaartjies is ook by die deure beskikbaar.

Stadbouers

StadbouersUitreik
gesondheid uit die grond uit!
Ds. Tebogo Ramaghalakane bestuur die voedingskemas van GK Mamelodi Oos en -Wes. Hulle het met Missio Dei ooreengekom om aantal mentors te laat oplei.
Hier neem ds. Tebogo die skenking van 'n vrag aartappels vir die voedingskema's in ontvangs.

TUISVERSORGING
Is jy deernisvol, betroubaar en op soek na 'n lonende loopbaan?
HELP SENIORS EN INDIVIDUE MET GESTREMDHEDE OM GEMAKLIK TUIS TE LEEF.
Tuisversorgerkursus spreek hierdie gaping aan deur individue toe te rus met die vaardighede om daaglikse sorgbehoeftes te bevredig terwyl waardigheid en respek gehandhaaf word.
Ons soek gewillige mans en vroue wat belangstel om hulself as gesertifiseerde tuisversorgingsverskaffer te bemagtig.
Maak 'n verskil in iemand se lewe – sluit aan by ons span!
Kontak Ina Buitenbos by 082 743 7427

TUISVERSORGING
MEDELYDENDE TUISVERSORGING VIR U GELIEFDES
Om vir 'n familielid te sorg, kan oorweldigend wees – u hoef dit nie alleen te doen nie.
Ons bied betroubare, deernisvolle tuisversorgingsdienste om u geliefdes in die gemak van hul eie huis te ondersteun.
Ons dienste sluit in:
• Hulp met daaglikse lewe (bad, aantrek, maaltye)
• Medikasieherinneringe
• Geselskap en emosionele ondersteuning
• Na-hospitaalversorging
• Bejaarde- en verswakte sorg
Kontak Ina Buitenbos by 082 743 7427
Ons versorgers is toegewy, opgelei en verbind tot die behandeling van elke kliënt met waardigheid en respek.

Maak ‘n aantekening

Vra jou vraag

Die vrae en antwoorde is ook beskikbaar op die webblad by https://www.wapadrant.co.za/ontdek-jou-plek.html

Lidmaat Netwerk

Besoek die Lidmaat Netwerk en help so om aan jou stad te bou. Ander gemeentes se byeenkomste, boekvrystellings, dienste sowel as werksgeleenthede (gesoek en beskikbaar) is ook hier te vind.

Lidmate kan advertensies gratis plaas. Stuur ‘n epos met besonderhede (in .jpg of .png formaat) aan media@gkwapadrant.co.za.

LidmaatNetwerk

https://www.canva.com/design/DAFYMHYdpxU/o7OImFpFrhwiiGXnTN7SnA/view?utm_content=DAFYMHYdpxU&utm_campaign=designshare&utm_medium=link&utm_source=publishsharelink

Meer oor eredienste

Volg eredienste via Youtube

https://www.youtube.com/channel/UCb3hrn

Volg eredienste via Facebook

https://www.facebook.com/gkwapadrant/videos

‘n Hart van gee

‘n Gemeente het finansies nodig om te funksioneer. Indien jy nog nie uit dankbaarheid finansies afstaan aan die gemeente nie, is hier nou nog ‘n kans. Gebruik die SnapScan-funksie of QR-kode wat in kerkbanke aangebring en gee so ook jou donasie.

Die verwysing is baie belangrik:

- As jou bedoeling is dat dit vir liefdegawe / kollekte geallokeer moet word, moet die verwysing asb. “Liefdegawe” of “Kollekte” wees.
- Indien jy jou naam as verwysing gebruik, word dit beskou as ‘n “Kerkkas” bydrae.
- Merk die verwysing daarop asb. as “Donasie” of “Bydrae” met jou naam daarby.
- Jy mag ook anoniem bly.

Het jy van adres verander of is jy nie meer ‘n lidmaat van Wapadrant nie?

Kontak die kerkkantoor